BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

**10c** **Maandag, 21 Junie 1965** **WINDHOEK** **Monday, 21st June, 1965** **No. 2638**

INHOUD / CONTENTS *Bladsy/Page*

GOEWERMENTSKENNISGEWING: / GOVERNMENT NOTICE:

No. 100 Ordonnansie 1965: Uitvaardiging van . . / Ordinance, 1965: Promulgation of . . . . 764

## Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 100.] [21 Junie 1965.

ORDONNANSIE, 1965: UITVAARDIGING VAN

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel* | ***Bladsy*** |
|---|---|---|
| No. 31 | Wysigingsordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1965 . . . . . . | 765 |

## Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 100.] [21st June, 1965.

ORDINANCE, 1965: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *Title* | *Page* |
|---|---|
| Mines, Works and Minerals Amendment Ordinance, 1965 . . . . . . . . . | 766 |

No. 31 van 1965.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954.

(*Goedgekeur* 15 *Junie* 1965)
(*Engelse teks deur die Administrateur geteken*)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes- Afrika VERORDEN:—

**Vervanging van artikel 104 van Ordonnansie 26 van 1954.**

1. Artikel *eenhonderd-en-vier* van die Ordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1954 (Ordonnansie 26 van 1954) word hierby vervang deur die onderstaande nuwe artikel:—

**„Ouderdom en geslag van ondergrondse werkers en nagwerk vir vrouspersone.**

104. (1) Niemand mag by 'n myn 'n seun wat jonger as sestien jaar is of 'n vrouspersoon ondergronds in diens neem nie.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (4) mag geen vrouspersoon by 'n myn of bedryf in verband met die werking van bedoelde myn of bedryf snags werk nie en mag niemand 'n vrouspersoon aldus snags laat werk of toelaat dat sy aldus snags werk nie.

(3) By die toepassing van subartikel (2) beteken „snags" die tydperk van 'n halfuur na sonondergang tot 'n halfuur voor sonsopgang.

(4) Die bepalings van subartikel (2) is nie van toepassing nie op —

(a) vrouspersone wat verantwoordelike posisies van 'n bestuurders- of tegniese aard beklee; en

(b) vrouspersone wat in mediese dienste, gesondheidsdienste en welsyndienste of maatskaplike dienste werksaam is."

**Kort titel.**

2. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Myne, Werke en Minerale 1965.

No. 31 of 1965.]

# ORDINANCE

To amend the Mines, Works and Minerals Ordinance, 1954.

(*Assented to* 15*th June*, 1965)
(*English text signed by the Administrator*)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

Substitution of new section for section 104 of Ordinance 26 of 1954.

1. The following new section is hereby substituted for section *one hundred and four* of the Mines, Works and Minerals Ordinance (Ordinance 26 of 1954):—

"Age and Sex of underground employees and night work for females.

104. (1) No person shall on a mine employ underground a boy under the age of sixteen years or any female person.

(2) Subject to the provisions of sub-section (4) no female person shall work at night, and no person shall cause or permit any female person to work at night at any mine or works in connection with the operation of such mine or works.

(3) For the purpose of sub-section (2) "night" means that portion of time from half an hour after sunset to half an hour before sunrise.

(4) The provisions of sub-section (2) shall not apply to —

(a) female persons holding responsible positions of a managerial or technical character; and

(b) female persons employed in medical, health, welfare or social services."

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Mines, Works and Minerals Amendment Ordinance, 1965.

Printed in South West Africa by
Gedruk in Suidwes-Afrika deur John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek